



Updated guidelines for the management of fruit fly pests in citrus

Aruna Manrakhan
Citrus Research International (CRI)

The Citrus Research International guidelines for Fruit Fly Good Agricultural Practices were recently updated and include the following important changes:

1. Monitoring of fruit fly should be done at a Production Unit Code (PUC) level.

Whilst previously fruit fly trapping could be carried out at either the farm, PUC or orchard level, traps should now be set at the PUC level and trap data should be summarized per PUC.

2. Application of control products for pest fruit flies is now optional in lemon and lime orchards.

Since commercial export grade lemon and lime are non-hosts for fruit fly pests, it is not compulsory to apply control products in lemon and lime orchards for fruit fly pests. However, trapping and orchard sanitation still need to be implemented in lemon and lime orchards.

3. Thresholds have now been set for the E.G.O. Pherolure baited McPhail trap for Medfly and Natal fly males.

When using an E.G.O. Pherolure baited McPhail trap, the equivalent threshold for Medfly is 10 males per trap per week, while the equivalent threshold for Natal Fly is 12 males per trap per week.

Trap thresholds indicate the need for additional control measures for fruit fly pests in orchards, such that these pests remain at levels that pose little or no risk of infestation of fruit destined for export. Fruit fly catches should be maintained below trap thresholds, particularly at the time when fruit are susceptible to attack, which is at and after colour break.

As a reminder, thresholds are available for other registered trapping systems. Thresholds for Capilure baited Sensus trap for Medfly and Natal fly are four males per trap per week and two males per trap per week, respectively. Thresholds for Medfly and Natal fly in Chempac fruit fly lure (Trimedlure) baited Chempac Yellow Delta trap are eight males per trap per week and four males per trap per week, respectively. Thresholds for female fruit fly pests (any of the pest species) in Questlure baited Sensus trap and Biolure baited Chempac Bucket trap are one per trap per week and two per trap per week. In an area where the Oriental fruit fly is present, the threshold for males of this pest in Methyl Eugenol baited traps is three per trap per week.

With thresholds currently available for all registered trapping systems, growers can use any trapping system of their choice for fruit fly monitoring. Growers should make sure that they have trapping systems for both male and female fruit fly pests in each PUC.

The updated guidelines can be sourced on the CRI website under Membership Downloads/Production Guidelines/Integrated Pest and Disease Management Production Guidelines Vol. 3/ Chapter 3: Part 4: Fruit Fly. (<https://www.citrusres.com>). Please register to become a member in order to access these guidelines.

Please contact Aruna Manrakhan (aruna@cri.co.za) for further queries.



Opgedateerde riglyne vir die bestuur van vrugtevliegplae in sitrus

Aruna Manrakhan
Citrus Research International (CRI)

Die Citrus Research International riglyne vir Vrugtevlieg Goeie Landboupraktyke is onlangs bygewerk en sluit die volgende belangrike veranderinge in:

1. Monitoring van vrugtevlieg moet op 'n Produksie Eenheid Kode (PUC)-vlak gedoen word.
Terwyl vrugtevlieg lokvalvangste voorheen op óf die plaas-, PUC- óf boordvlak uitgevoer kon word, moet lokvalle nou op die PUC-vlak gestel word en lokvaldata moet per PUC opgesom word.
2. Toediening van beheerprodukte vir plaagvrugtevlieë is nou opsioneel in suurlemoen- en lemmetjieboorde.
Aangesien kommersiële uitvoergraad suurlemoen en lemmetjie nie-gashere vir vrugtevliegplae is, is dit nie verpligtend om beheerprodukte in suurlemoen- en lemmetjieboorde vir vrugtevliegplae toe te dien nie. Lokvalvangste en boordsanitasie moet egter steeds in suurlemoen- en lemmetjieboorde geïmplementeer word.
3. Drempels is nou gestel vir die McPhail lokval met E.G.O. Pherolure lokmiddel vir Medvlieg en Natalse vrugtevlieg mannetjies.

Wanneer 'n McPhail lokval met E.G.O. Pherolure lokmiddel gebruik word, is die ekwivalensie drempel vir Medvlieg 10 mannetjies per lokval per week, terwyl die ekwivalensie drempel vir Natalse vrugtevlieg 12 mannetjies per lokval per week is.

Lokvaldrempels dui op die behoefte aan addisionele beheermaatreëls vir vrugtevliegplae in boorde, sodat hierdie plae op vlakke bly wat min of geen risiko van besmetting van vrugte wat vir uitvoer bestem is, inhou. Vrugtevliegvangste moet onder lokvaldrempels gehandhaaf word, veral in die tyd wanneer vrugte vatbaar vir aanval is, wat tydens en ná kleurbreek is.

Ter herinnering, drempels is beskikbaar vir ander geregistreerde lokvalsisteme. Drempels vir Sensus lokval met Capilure lokmiddel vir Medvlieg en Natalse vrugtevlieg, is onderskeidelik vier mannetjies per lokval per week, en twee mannetjies per lokval per week. Drempels vir Medvlieg en Natalse vrugtevlieg in Chempac Yellow Delta lokval met Chempac vrugtevlieglokmiddel (Trimedlure), is onderskeidelik agt mannetjies per lokval per week, en vier mannetjies per lokval per week. Drempels vir wyfie vrugtevliegplae (enige van die plaagspesies) in Sensus lokval met Questlure lokmiddel, en Chempac Bucket lokval met Biolure lokmiddel, is een per lokval per week, en twee per lokval per week. In 'n gebied waar die Oosterse vrugtevlieg teenwoordig is, is die drempel vir mannetjies van hierdie plaag in Metiel-Eugenol lokvalle drie per lokval per week.

Met drempels wat tans vir alle geregistreerde lokvalsisteme beskikbaar is, kan produsente enige lokvalsisteme van hul keuse vir vrugtevliegmonitoring gebruik. Produsente moet seker maak dat hulle lokvalsisteme vir beide mannetjie en wyfie vrugtevliegplae in elke PUC het.

Die bygewerkte riglyne kan op die CRI-webwerf verkry word onder Membership Downloads/Production Guidelines/Geïntegreerde Plaag en Siektebestuur - Produksie Riglyne Vol. 3. / Hoofstuk 3: Deel4: Vrugtevlieg – Nov 2023. (<https://www.citrusres.com>). Registreer asseblief om 'n lid te word om toegang tot hierdie riglyne te verkry.